**President : Johan Roos**
072-621 8129
johanroos53@gmail.com
**Admin – kantoor**
Proteastraat 25
Skuinshoogte
Newcastle 2940
082 678 7321
www.rapportryers.co.za
rrb.admin@mweb.co.za
Bakkiesblad:rapportryerbeweging/RRB

**024-594-NPO**

# KNAPSAK 42

April 2022

Geagte Rapportryers en vriende,

## INLEIDING

ŉ Tyd om te kom en ŉ tyd om te gaan ..........

Dit was vir my ŉ groot voorreg en eer om vir die afgelope 9 jaar die Rapportryer-beweging as sekretaris/penningmeester te dien. My uitgangspunt vanaf dag een was dat indien ek nie meer waarde kan toevoeg nie, sal ek self besluit om te gaan.

Veranderde tye verg egter ook ander drywers en ek maak plek vir ŉ Rapportryer met goeie ervaring en bewese vaardighede.

Hartlik geluk, Johann Marais! Mag die vreugdes wat vir my beskore was en die samewerking uit vele oorde, ook jou deel wees gedurende jou ampstermyn!

Baie dankie vir die wedersydse goedgesindheid en respek wat ek van lede en korpse ervaar het!

**Johan Roos** (President) **Cilliers de Kock** (Vise-President)
**Henk Kraaij** (Gauteng/Mpumalanga/Natal) **David Fensham** (Noordwes/Limpopo)
**Neil Schreuder** (Oos-Kaap) **Pieter vd Merwe** (Vrystaat/Noord-Kaap) **Werner Visagie** (Wes-Kaap)
**Johann Marais** (Sekretariaat)

In vennootskap met die fak

## NUUS UIT DIE RAPPORTRYERRAAD

• Die Provinsiale voorsitters het sedert die vorige Landsberaad onveranderd gebly, naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| Gauteng/Mpumalanga/Natal | - | Henk Kraaij |
| Noordwes/Limpopo | - | David Fensham |
| Oos-Kaap | - | Neil Schreuder |
| Vrystaat/Noord-Kaap | - | Pieter van der Merwe |
| Wes-Kaap | - | Werner Visagie |

• Direk na afloop van die Landsberaad, kom die Rapportryerraad tradisioneel en ooreenkomstig die bepalings van die RRB se grondwet bymekaar om die nuwe Dagbestuur te verkies. Slegs Provinsiale Voorsitters het in hierdie geval nominasie- en stemreg. Enige volwaardige lid van die RRB kan in die Dagbestuur verkies word. Die Dagbestuurslede het almal aangedui dat hulle weer beskikbaar is vir hul onderskeie ampte. By wyse van geslote stembriewe is die volgende persone verkies/herkies:

| | | |
|---|---|---|
| President | - | Johan Roos (Herverkies) |
| Vise-President | - | Cilliers de Kock (Herverkies) |
| Sekretaris/Penningmeester | - | Johann Marais van Newcastle (Nuut-verkose) |



Johann Marais

- Die volgende Rapportryers het ook spesiale verantwoordelikhede:

**Bybelvasvra:** Hennie Schmidt (Projekleier), Pieter vd Merwe en Gerrit Jooste

**FAK Direksie:** Johan Roos

**VTM, ES en Bloedrivier direksie:** Cilliers de Kock

**Regsverteenwoordiger**: Ruurd van der Wal

**Jeugverteenwoordigers**
Om aan te pas by die vloeibaarheid van die jeug, is besluit om voorlopig nie ʼn Raadslid Jeugsake aan te stel nie, maar eerder Jeugverteenwoordigers met spesifieke opdragte aan te wend.
In die Suide sal die taak aan Chris Briel van Stellenbosch opgedra word en in die Noorde, Rapportryer Theo van Rooyen van Jakaranda-korps.

**Korpsstigting en ledewerwing**
Provinsiale Voorsitters het opnuut onder die besef gekom van die kritiese verantwoordelikhede wat op hulle skouers rus.
Die president het die uitdaging aan hulle gestel om ten minste een nuwe korps in elke streek te stig teen November 2022.
Eweneens ook die uitdaging aan elke lid om elkeen ten minste een lid te werf voor die volgende Landsberaad sodat die ledetal weer bo 500 kan kom.

## LANDSBERAAD 2022

## Bywoning
14 van die 18 aktiewe korpse het die Landsberaad bygewoon.
66 Afgevaardigdes en 12 dames!

## Besluite

1. **Boektrommel-projek van die Vriende van Afrikaans:**
   Hierdie projek, wat daarop gerig is om die liefde vir lees by kleuters aan die wakker, soos in **Knapsak 40** uiteengesit, sal voortaan deur korpse ondersteun kan word en indien voldoende fondse beskikbaar is sal die Rapportryerraad ook bydra tot die koste van die trommels.
   Pretoria Jakaranda-korps het die projek ʼn hupstoot gegee deur fondse te bewillig vir drie trommels. Een is nog beskikbaar vir ʼn korps wat dit wil benut!

2. **Grondwetwysiging:**
   Die wysiging wat meer duidelikheid verleen aan die rol van die sekretaris (versus Hoof-Uitvoerende Beampte en Administratiewe Beampte) is aanvaar.

# Manor Hills Gastehuis, Rustenburg




Registrasie





Mooi en rustig in die dag



Net so mooi saans in die geselshoekie!




Braai op 'n ander manier!





Nogal! Jan-Danie Malan word as nuwe lid ingehuldig





Kuier is nie kuier sonder 'n vuurtjie nie!

*Ons vir jou Suid-Afrika!*

Die Landsberaadtema het die fokus geplaas op introspeksie.
Hierdie is die besprekingspunte waaroor die gonsgroepe moes besin:

- Hoe ons ons land beter kan dien
- Dinamiese werksywer om 'n verskil te maak
- Voorbeeld en inspirasie vir mede-Suid-Afrikaners as "Draers van die Boodskap"
- Selfbestuur
- Kennis van die Grondwet, Doelstellings, werkswyse en aksies van die RRB
- Sigbaarheid en blootstelling

## GALA-AAND



## Interne Toekennings

- **LAPELWAPEN – SILWER**: Marius Nagel (Kimberley Danie Theron-korps)
- **LAPELWAPEN – GOUD:** David Fensham (Rustenburg Boekenhout-korps)
- **AKTIEFSTE KORPS PROVINSIAAL:**
  - **GAUTENG/MPUMALANGA:** Pretoria Jakaranda
  - **NATAL:** Newcastle
  - **NOORDWES/LIMPOPO:** Magaliesburg
  - **VRYSTAAT/NOORD-KAAP:** Bethlehem
  - **WES-KAAP:** Caledon
- **AKTIEFSTE PROVINSIE VAN DIE TERMYN:** Gauteng/Mpumalanga
- **DIENSLEWERINGSPROJEK VAN DIE TERMYN:** Pretoria Jakaranda
- **FONDSINSAMELINGSPROJEK VAN DIE TERMYN:** Pretoria Jakaranda
- **BLOOTSTELLINGSPROJEK VAN DIE TERMYN:** Kimberley Danie Theron
- **OORKONDE BYBELVASVRA**: Ruurd vd Wal
- **RAPPORTRYER VAN DIE TERMYN MET GOUE LAPELWAPEN:** WL Roos
- **RAADSLID VAN DIE TERMYN:** Pieter van der Merwe (Vrystaat/Noord-Kaap)
- **AKTIEFSTE KORPS NASIONAAL – NAASWENNER:** Newcastle
- **AKTIEFSTE KORPS NASIONAAL – WENNER:** Pretoria Jakaranda



Cilliers de Kock, voorsitter van die WEN-KORPS, Pretoria Jakaranda




WL Roos, Rapportryer van die Termyn saam met
Sy trotse ouers!

## Presidentstoekenning

Die hoogste toekenning van die Rapportryerbeweging is plegtig deur President Johan Roos oorhandig aan dr Danie Langner – kultuurleier en uitvoerend betrokke by die Voortrekkerbeweging, FAK, Voortrekkermonument, Erfenisstigting en Bloedriviermonument. Hy het ook 'n geraamde sertifikaat en replika van die Danie Theron wisseltrofee.ontvang





Die oordenking Sondag-oggend deur JB McCallaghan




Die Caledon-manne se vlerke was geknip, maar Henk Kraaij het hulle te hulp gesnel met sy bussie op eg Rapportryer-manier!

# KORPSNUUS

## Bethlehem






Beman die derde waterpunt tydens die Surrender Hill Marathon saam met die Voortrekkers
"Hou bene, hou!"



Danie Eichstädt, voorsitter, neem die troospryse in ontvangs!

## Newcastle

Waterkaskenades op die Utrecht-dam!








*Rapportryergroete vir oulaas!*

*Danie Eichstädt*